

27 Augustus

Skrifgedeelte: Genesis 37:1-11  
Fokusgedeelte: Genesis 37:2c

### Wees 'n nederige Koningskind

Uit ons voorkennis oor die verhaal van Josef weet ons dat die Here op 'n besondere manier vir Josef, die jongste en kleinste broer uitgekies het om later groot dade vir Hom te verrig. Josef het egter geweet dat sy pa Jakob hom voorgetrek het. Hy vertel ook sy drome met smaak, drome wat hom as groot en belangrik voor sy gesin beskryf. Dit het by hom 'n grootheidswaan geskep en jaloesie en haat by sy broers gewek.

Jy is ook 'n Koningskind wat deur God verkies is vir diens aan Hom en tot groot dade in sy kerk en koninkryk. Jy bekleed hierdie status egter nie uit eie krag sodat jy daarop kan roem nie. In die plek van grootheidswaan moet jy eerder nederig en klein wees om God, wat jou in Jesus Christus en deur die krag van sy Gees gered het, daardeur groot te maak. So, deur selfverloëning, sal jy Jesus kan volg in sy droom vir jou, om vir Hom te werk en sy Naam groot te maak.

*Sing: Psalm 84:2, 3*

*Ds. LJ Buys (Rustenburg-Wes)*